

Aangepaste toetsrooster – 11 Augustus 2021

Derde kwartaal 2021

Toetsrooster vir graad 4 – 6

Vak	Datum
Natuurwetenskappe en Tegnologie	Maandag 30 Augustus
(Slegs graad 4 en 5) Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis	Vrydag 3 September
(Slegs graad 4 en 6) Sosiale Wetenskappe: Geografie	Maandag 6 September
Wiskunde	Vrydag 10 September

Toetsrooster vir graad 7

Vak	Datum
Afrikaans (Letterkunde)	Maandag 23 Augustus
Engels (Literature)	Vrydag 27 Augustus
Sosiale Wetenskappe: Geografie	Maandag 30 Augustus
Natuurwetenskappe	Vrydag 3 September
Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis	Maandag 6 September
Wiskunde	Vrydag 10 September

Let asseblief op die volgende sake:


- Leerders ontvang die afbakening en skrifte/leerwerk een week voor hulle 'n vak se toets moet skryf. Gaan asseblief deur hul skrifte en besorg dit weer geteken terug aan die skool.
- Indien u wil kommentaar lewer, doen dit asseblief in 'n aparte skrywe en nie in die leerder se skrif nie.
- Indien 'n leerder afwesig is op die dag waarop afbakeninge en skrifte/leerwerk uitgedeel word, is dit die leerder se plig en verantwoordelikheid om dit self te bekom en daarvoor te gaan vra.
- Slegs leerders wat 'n mediese sertifikaat inhandig of goedkeuring van die adjunkhoof (akademie) het, sal toegelaat word om die toetse soos volg oor te skryf:
 - Donderdag- en Vrydagtoetse word die daaropvolgende Maandag **na** skool geskryf.
 - Maandag- en Woensdagtoetse word die daaropvolgende Donderdag **na** skool geskryf.
 - 'n Leerder wat nie opdaag vir bogenoemde dae nie sal die toets skryf op die dag wat hy/sy terugkeer skool toe.

- Toetse wat na die amptelike toetsdatum afgelê word, sal meer tel as die amptelike toets, aangesien 'n addisionele vraag verpligtend sal wees. Dit is dus belangrik dat leerders wel toetse op die vasgestelde datum aflê.

Baie dankie vir u samewerking met betrekking tot die toetsrooster en die sake wat daarmee verband hou. Mag u en u kinders die akademiese kwartaal positiewe beleef.

Kurrikulumgroete


I K Kichenbrand
Adjunkhoof Akademie


H/H Gerber
Skoolhoof

Geleenthede vir almal • Goeie dissipline • Tegnologiese voorlopers
Veilige omgewing • Leierontwikkeling • Interaktiewe onderrig

**Skool van
Uitnemendheid**